

Vlerke vir jou?

‘n Kombinasie van teenoorgesteldes maak vir ‘n merkwaardige sport.

deur Piet Koornhof

Het jy ook al gedroom dat jy kan vlieg? Duisende meters in die lug op, op eie stoom? Dis ‘n droom wat al vir duisende jare deel is van die mens se psige. Vra maar vir Ikarus. En tog is dit so onrealisties. Nie eers ‘n menslike kanonbal in ‘n sirkus kan dit regkry nie. En tog...

Jy sweef soos ‘n arend, met die geskenk van vlerke op die asem van ‘n engel.

Jou lang slanke wit vlerke strek wyd uitwaards op skouerhoogte om kolomme warm lug te vang wat jou boontoe kan dra.

Knus in ‘n tegnologiese koekon, is jy gewikkel in wonderbaarlike interaksie met die natuur. Dit stel jou in staat om sonder meganiese aandrywing hoër en vinniger te vlieg as selfs die mees bekwame roofvoël.

Jy bereik ‘n hoogte van 12 000 voet of meer waar jy amper aan die wolke raak, met ‘n uitsig wat jou asem wegslaan.

Die plat perpeksief van horisontale bestaan is verruil vir die driedimensionele vryheid van die lugruim. Jy seil op golwe van lug met gesofistikeerde tegnologie waarmee jy moeder natuur se mildadigheid optimaal kan benut.

‘n Onskatbare vryheid is jou beloning vir die streng dissipline waarmee jy jou tuig beheer en die natuur dophou.

In die woorde van George Moffat, Amerikaanse sweeflegende, “jy verken die onsigbare geografie van die lugruim”.

Dis amper soos skaakspel op enorme skaal: jy maak onverpoos fyn waarnemings, oorweeg verskillende opsies, en neem strategiese besluite. Dis heerlik bevrydend en terselfdertyd straf uitputtend.

Dit kan wees dat jy ‘n “taak” vlieg, in kompetisie met ander sweeftuie van dieselfde tipe of “klas”, met die doel om die vinnigste om voorgeskrewe draaipunte te kom; of jy is dalk besig met ‘n oorlandse vlug in ‘n poging om jou eie langste afstande te oortref; of dit kan wees dat jy bloot van wolk tot wolk in die lug seil, sonder enige bestemming of tydsbeperking, as heerlike ontsnapping uit die rotresies daaronder.

Hoe dit ook al sy, daardie droom van vlieg, van vry wees soos ‘n voël, is inderdaad moontlik. Dit is die sport van sweef – een van die onbekendste en tog aangrypendste ervarings op aarde.

Wat ook al jou motivering en doelwitte vir sweef, dis ‘n unieke kombinasie van natuur en tegnologie, dissipline en vryheid, uitdaging en ontspanning, en afsondering en kameraadskap. Die spesifieke kombinasie is jou keuse om te pas by jou persoonlikheid en jou begroting.

UITDAGING en ONTSPANNING

Diegene wat groot uitdagings met baie adrenalien soek kan gereeld kompetisie vlieg vir omtrent 'n week op 'n slag, op streeksvlak, asook nasionaal en internasionaal. Met genoeg geld kan jy resies jaag in die nuutste peperduur rensweeftuie teen gemiddelde snelhede wat selfs Italiaanse sportmotors laat stadig lyk. Die wenstreep kan oorgesteek word teen omtrent 300 kpu terwyl jou speelding se waterballas soos 'n jetstroom agtergelaat word om van oortollige gewig ontslae te raak vir 'n ligvoetige landing.

Aan die ander kant van die spektrum kan jy vir 'n appel en 'n ui 'n ouer klubsweeftuig huur en vir ure lank lui daarbo rondhang binne trefafstand van jou plaaslike vliegveld, met die uitsluitlike doel om voëlvry te ontspan en die uitsig te geniet, weg van die eentonigheid of die stresse van die daaglikse bestaan op moeder aarde.

Of as middeweg kan jy 'n middeljarige glasvesel sweeftuig koop vir soveel as 'n tweedehandse gesinsmotor, en af en toe jouself daag tot 'n oorlandse roete weg van jou tuisveld of – en buite jou gemaksonne – om jou horisonne en vaardighede te verbreed.

Wees sonder enige illusies: om 'n sweeftuig te vlieg, hetsy in kompetisie of vir ontspanning, is 'n uitdaging. Dit verg dissipline. Dit verg hoë konsentrasie. Dit verg kennis en vaardigheid. Jou moet die grense van veiligheid ken en respekteer, van jou tuig en van jouself. Waag dit buite daardie perke en jy bedreig jouself en ander.

Ter selfdertyd is dit heerlik ontspannend. Die uitsig, die stilte, die absorberende take – die einste kontras met die alledaagse – het 'n vernuwende uitwerking. Om vir 'n paar uur daar bo in beheer van 'n sweeftuig te wees is so spesiaal, so radikaal anders, dat dit voel soos 'n elle-lange eksotiese vakansie.

AFSONDERING en KAMERAADSKAP

Dit alles kan jy of alleen doen, in 'n enkelsitplek sweeftuig, of saam met 'n vriend of geliefde in 'n tweesitplek model. Vir sommiges is die uitdaging om 'n avontuur alleen aan te pak juis die aantrekking. Vir ander lê die bevrediging in gedeelde ervaring. Die keuse is joune.

Selfs al verkies jy die afsondering vir ure in 'n enkelsitplek sweeftuig ver weg bokant alles het jy nog steeds heelwat hulp en ondersteuning nodig om daar te kom: medevlieëniers wat die wen-as dryf, die sleepvliegtuig vlieg, jou vlerk hardloop, jou deurbrake en teleurstellings met jou deel, en laaste maar nie die minste nie, jou en jou kosbare sweeftuig gaan haal met 'n sleepwa wanneer jy ver van die huis af in 'n afgeleë veldjie uitgeland het.

Verstommend? Daar is nog. Tradisioneel word sweefinstruksie gratis verskaf. Uit dankbaarheid vir wat die sport hulle bied gee instrukteurs vrylik van hulle tyd en kundigheid om te verseker dat dit oordra na die volgende generasie.

Min sportsoorte kan spog met soveel kameraadskap en ondersteuning. Hou 'n klomp sweefvlieëners dop wanneer hulle na 'n harde sweefdag by hulle klubhuis bymekaar kom en jy sal meer stralende gesigte sien as by enige ander byeenkoms. Hulle gloei behoorlik van opwinding en tevredenheid terwyl hulle met oorgawe ervarings deel en raad uitruil.

Selfs by kampioenskappe waar daar straf gekompeteer word is die deel van voorbereidende take, die uitruil van inligting, en die hulpverlening oor-en-weer besonder indrukwekkend. Al doen hulle alles in hulle vermoë om mekaar in die lug te oortref, is die gedeelde passie vir hulle sport steeds oorwegend.

NATUUR en TEGNOLOGIE

Jou tuig is 'n wonder van moderne tegnologie, tot by die fynste detail op die snypunt van nuutste ontwikkeling. Die uitsluitlike doel daarvan is om die natuur se aanbiedinge optimaal te benut.

Alles is haarfyn ontwerp vir maksimum werkverrigting. Niks is oortollig of oorbodig nie. Nie 'n enkele millimeter van enigiets is toegelaat om die lugvloei te belemmer nie: perfekte gladheid van vlerke en romp; die dunste moontlike vlerkprofiel; slegs een intrekbare wiel op die balanseerpunt in die middel van die romp. Alles gebasseer op die mees gevorderde berekenings en simulerings, gemik op die minimalisering van weerstand.

Soos dolfyne in die water, is sweeftuie ontwerp om seepglad deur die lug te klief. Dit verteenwoordig die nuutste verwickelinge in vliegtuigontwerp en die gebruik van saamgestelde materiale, jare en selfs dekades voor kragvliegtuie. Beide puntvlerkies en koolstofvesel is byvoorbeeld eerste in sweeftuie gebruik, en veel later eers in ander vliegtuie.

Sweeftuie is die produk van noukeurige en hoogs gespesialiseerde vakmanskap. Die resultaat is 'n bykans perfekte eenheid van funksie en vorm. Die elegante lyne is amper soos die betowering van die perfekte vroulike figuur. As jy oorrumpel is deur hulle voorkoms op die grond, wag tot jy 'n sweeftuig in sy (haar) element sien. Die asemrowende aanskoulikheid van 'n sweeftuig in die lug, gesien vanuit joune, kan nie maklike oortref word nie.

Moderne sweeftuie spog met verstommende ratios tussen hoogte en afstand. Afhangende van vlerkspan (verskillende "klasse" sweeftuie se vlerkspan wissel tussen 13 meter en 30 meter) kan dit tussen 1:40 en 1:70 wees. Dit beteken dat vir elke eenheid hoogte sweeftuie tussen 40 en 70 eenhede ver kan vlieg in stabiele lug. Meer konkreet: dit verg 'n afstand van 40km tot 70km vir 'n sweeftuig om 1 km (1000 meter) hoogte te verloor. Byvoorbeeld, 'n skrale hoogte van 1000 meter bokant Pretoria kan jou in staat stel om met 'n sweeftuig reguit tot by Johannesburg te vlieg voordat jy op die grond kom. Inderdaad indrukwekkend.

Dit maak dit effens makliker om te verstaan hoe dit moontlik is vir 'n vaardige sweefvlieëner om meer as 'n 1000 km ver te vlieg op een dag, deur net die natuur te benut as hyser. Hoe verstommend is dit nie dat 'n voorwerp wat 'n paar honderd kilogram weeg so ver kan vlieg sonder enige meganiese aandrywing! Geen enjin geraas, geen uitlaatgasse, geen koolstofvoetspoor. Inderdaad 'n "groen" sport.

Hoe kom 'n sweeftuig aanvanklik in die lug, voordat die natuur se verkillende vorms van "hysing" ("lift") benut kan word? Die goedkoop manier is om deur 'n wen-as die lug ingetrek te word (eintlik voel dit eerder asof jy in die lug in "geskiet" word). 'n Wen-as is 'n groot enjin, staangemaak by die end van die aanloopbaan, wat 'n kabel waaraan jou sweeftuig vasgehaak is teen hoë spoed intrek. Op 'n hoogte van tussen 400 en 500 meter hak jy af en van daar af gebruik jy stygende warm lugstrome.

Die duurder en meer effektiewe manier is om deur 'n vliegtuig (ja, daai raserige soort met die vreeslike kort vlerkies) opgesleep te word tot by die eerste werkbare "termiek" (thermal) waar jy dan afhak van die vliegtuig af om wonderbaarlik die natuur verder te gebruik as jou aandrywing.

Hoe verskaf die natuur hysing om hoogte te wen? Op verskeie maniere. Die mees algemeen in ons deel van die wêreld is "termieke" – kolomme lug wat weens hulle warmer temperatuur opstyg en letterlik 'n sweeftuig kan saamdra, mits die vlieënier daarin kan bly. Vandaar die gesirkel wanneer sweeftuie klim. Vlieëners soek hierdie termieke gewoonlik onder blomkoolagtige kumulus-wolke, en benut dit om te klim, kompleet soos op 'n roltrap.

Nog 'n vorm van hysing, gratis verskaf deur die natuur, is winde wat teen die skuinstes van koppies en berge opwaai. Dit is moontlik om lang afstande in hierdie opwaardse lugstrome te vlieg, al langs die boonste rante van hoëliggende terrein.

'n Derde vorm van hysing, gereken as die Rolls-Royce van die natuur se gawes aan sweefvlieëners, heet "golf-hysing" (wave lift) en is die resultaat van massiewe golfbewegings in groot lugmassas, veroorsaak deur berge waaroor dit beweeg, soortgelyk aan die golfies stroomaf veroorsaak deur 'n klip in 'n waterstroom. Sulke atmosferiese golwe kan vir honderde kilometers afwind van 'n berg aanhou en baie hoog opgaan. Deur sulke golwe te ry kan sweefvlieëners versommende hoogtes bereik, per geleentheid selfs genoeg om te kan af kyk (neersien?) op passasierstralers.

Hoe lank kan jy bo bly in 'n sweeftuig? Op 'n goeie dag, vir baie ure. Sweefvlieëners speel gereeld in die lug vir 3 tot 5 ure op 'n slag. Die Top Guns onder hulle behaal van tyd tot tyd afstande van meer as 1000 kilometers – dis korrek, EEN DUISEND KILOMETERS -- in 7 tot 8 ure van ononderbroke vlug.

Ewe verstommend, hoogtes van 20 000 tot 30 000 voet (dis internasionale lugvaart protokol om hoogte in voet uit te druk) is nie ongehoord nie. Die sweef hoogte wêreld- rekord is 50 671 voet. Dis amper dubbel die kruishoogte van interkontinentale stralervlugte! En dit sonder 'n enjin, met net die natuur as hyser.

En steeds skuif die limiete. Onverskrokke sweefbaanbrekers mik nou na hoogtes van meer as 90 000 voet (30 000 meter), deur gebruik te maak van die natuurtrappe van termieke, atmosferiese golwe en die polêre vorteks. So hou sweefprestasies tred met tegnologiese ontwikkeling.

As voorbeeld, neem in aanmerking dat in die geboorte jaar van die persoon wat eerste 'n ononderbroke sweefvlug van meer as 'n duisend kilometer behaal het, Al Parker, was die sweef afstandrekord minder as 1 kilometer.

VRYHEID en DISSCIPLINE

Terwyl jy 'n wonderlike gevoel van vryheid in die lug beleef -- in daardie drie-dimension ruimte vir skynbaar onbeperkte beweging, met 'n uitsig wat vir ewig strek – bly jy onderhewig aan die dissipline wat aerodinamika, meteorologie, lugruim- en lugverkeerregulasies, lugvaart prosedures en protokols, en lugvaartskap (“airmanship”) aan jou stel.

Bo alles staan jou begrip van die perke van jou sweeftuig en jou vaardighede. Oorskrei daardie perke en jy's 'n gevaar vir jousef en ander. Slegs deur die streng toepassing van die nodige dissipline om veilig en effektief te vlieg kan jy die vryheid smaak van doelgerigte beweging in 'n unieke en uitdagende omgewing.

GROEN maar ONBEKEND

Dis is ironies dat die “groen” eienskap van die sport – sweeftuie wat geruisloos en daarom meestal ongesiens bo ons vlieg – een van die hoofredes is hoekom dit relatief onbekend is. Sweef is in der waarheid die weeskind van sportsoorte wat nasionaal verteenwoordig word. Ten spyte daarvan dat ons 'n wêreldkampioen in 2001 opgelewer het, en sedert 1982 verskeie podiumplekke by wêreldkampioenskappe verower het, word sweef nog steeds nie deur die regering gesubsidieer nie. Streeks- en nasionale kampioenskappe ook nie, al word nasionale kleure vir die sport toegeken. Korporatiewe borgskap is ewe afwesig. Deelnemers aan sweefkampioenskappe, hier en oorsee, moet steeds self die aansienlike kostes dra om te kan deelneem. Dit is 'n skande.

Al het sweef 'n glorieryke geskiedenis in Suid-Afrika, en al is ons weersomstandighede besonder geskik daarvoor, is die sport verbasend onderontwikkeld hier. Duitsland spog met meer as 30 000 geregistreeerde sweefvlieeniers; Frankryk het 17 000; en Engeland, ten spyte van hulle gure weer, het 12 000. Suid-Afrika het 'n skrale 700.

Die geleentheid vir ontwikkeling van sweef in Suid-Afrika is enorm. Met meer mediablootstelling en uitgebreide borgskap is die moontikhede hemelhoog. As diegene met 'n oog vir 'n gulde geleentheid tog net by die lanseerpunt wil aanmeld...

Kry jy 'n idee van die grootsheid van hierdie majestueuse sport? Wil jy graag meer weet, en dit selfs beproef? Vir inligting oor 'n sweefklub naaste aan jou besoek gerus die South African Soaring Association by www.sssa.org.za Bespreek 'n vlug, spreid jou vlerke en sweef soos 'n arend.